Kamplewe

Daar word vertel dat Sherlock Holmes en Matthew Watson op 'n staptog was, en in die veld oornag het. Toe hulle iewers in die nag wakker word, lekker snoesig in hulle slaapsakke, vra Holmes vir Watson:"Wat sien jy as jy opkyk?" waarop Watson antwoord: "Duisende sterre." Toe Holmes wil weet wat dit vir hom beteken, antwoord Watsondat dit seker beteken dat hulle die volgende dag 'n mooi dag sal hê. "Maar wat beteken dit vir jou?" vra Watson. Holmes se antwoord? "Vir my beteken dit dat iemand ons tent gesteel het."

Doelwit: *Om die Verkenner die geleentheid te gun om opgelei te word vir kamplewe.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Al die komponente van ons ABC kan tydens 'n kamp uitgeleef word. Die opening en afsluiting van elke dag asook die dank wat ons uitspreek vir ons voedsel is van die fundametele komponente van ons Christenwees. Volgens die grondslag van Die Voortrekkers leer ons God ken uit die Woord en uit die skepping. Tydens 'n kamp leef ons na aan die natuur en leer ons die Skepper ken. Die verantwoordelike optrede in die natuur is die uitleef van ons Burgerskap en skep positiewe verbandskappe met ons voorouers in terme van die trekkerlewe.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Hierdie spesialisasie kan slegs in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Kampprogram vir 'n spankamp opstel (bv. van Vrydagaand tot Sondagaand).*
2. *'n Spyskaart vir die spankamp beplan en die hoeveelhede en koste vasstel, die geld insamel en die aankope doen.*
3. *Kennis dra van noodhulptoerusting vir 'n spankamp en saam met sy span die noodhulpkissie vir die spankamp pak.*
4. *Kennis dra van die bewaring van vleis, melk, botter, groente en brood tydens die spankamp en dit toepas.*
5. *Kennis dra van die vernietiging en verwydering van afval en dit tydens die spankamp toepas.*
6. *Tydens die spankamp maatreëls tref:*
   - *6.1 Teen brand en brandstigting.*
   - *6.2 Teen waterbesoedeling.*
   - *6.3 Teen voedselvergiftiging.*
   - *6.4 Teen ongelukke.*
   - *6.5 Om die kamp te beveilig.*
7. *Tydens die spankamp saam met sy spanmaats die volgende geregte op 'n selfgemaakte oop hout vuur (op 'n geskikte plek) voorberei:*
   - *7.1 Stywepap en krummelpap.*
   - *7.2 Potjiekos.*
   - *7.3 Braaivleis.*

7.4 Brood wat in 'n pot gebak word of roosterkoek.

8. Drie geregte sonder kombuisgereedskap voorberei.